higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

(10040052)

2 Maart 2020 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

162Q1S2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Sketse moet netjies wees.
6. Berekeninge mag nie in VRAAG 1 gebruik word nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Skryf die waarheidstabel vir die volgende Boole-uitdrukking neer.

1.1.1 $\overline{A + B}$ (4)

1.1.2 $A + B$ (3)

1.1.3 $\overline{A}$ (2)

1.2 Teken 'n logikadiagram vir die Boole-uitdrukking wat in VRAAG 1.1.1 bepaal is. (3)

1.3 Teken die IEC-simbool vir 'n EN-hek.

1.4 Teken die logikasimbool vir 'n NEN-hek.

1.5 Verduidelik wat 'n *databus* is.

(3 × 2) (6)

[18]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 WTG stel die rekenaar in staat om data en programme te stoor.

2.2 Afvoertoestelle stel die rekenaar in staat om deur items met mense te kommunikeer.

2.3 Rekenaars het protokols nodig om die kommunikasie en oordrag van data tussen twee eindpunte te bewerkstellig.

2.4 RLE is 'n SVE-komponent wat instruksies vanaf die geheue verkry en dit dekodeer en uitvoer.

2.5 'n Rekenaar in 'n ster-topologie-netwerk wat aan 'n sentrale naaf, skakel of roeteerder gekoppel is.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 Noem VYF voorbeelde van afvoertoestelle. (5)

3.2 Verduidelik die verskil tussen 'n *bis* en 'n *greep*. (2)

3.3 Noem TWEE tipes muise wat met persoonlike rekenaars gebruik word. (2)

3.4 Verduidelik DRIE komponente van binêre beheerstelsels. (3 × 2) (6)

3.5 Bergingsbehoeftes het die rekenaarbedryf gedwing om goedkoper, meer kompakte en veelsydige bergingstoestelle met meer kapasiteit te verskaf.

3.5.1 Noem TWEE voorbeelde van optiese mediaberging. (2)

3.5.2 Gee die bergingskapasitiet van 'n moderne DVD. (1)

3.5.3 Waarvoor staan VKS? (1)

3.6 Noem DRIE tipes netwerkkabels. (3)

3.7 Verduidelik DRIE tipes netwerktopologieë. (3)

3.8 Noem DRIE voorbeelde van teenvirussagteware. (3)

3.9 Noem TWEE uitbreidingskaarte. (2)

[30]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik TWEE selflaaiprosesse van rekenaars. (4)

4.2 Noem TWEE videopoorte wat videotoestelle koppel. (2)

4.3 Omskryf die volgende terme:

4.3.1 Protokol

4.3.2 Roeteerders

4.3.3 Modem

(3 × 2) (6)

4.4 'n Rekenaarhardeskyf word oor die algemeeen 'n lokale skyf genoem. Watter letter word aan 'n lokale skyf toegeken? (1)

4.5 Skryf die akroniem BIUS voluit. (1)

4.6 'n Rekenaar het toepassingsagteware nodig om take uit te voer.

4.6.1 Noem DRIE voorbeelde van toepassingsagteware. (3)

4.6.2 Wat is 'n uitbreiding vir woordverwerkingstoepassings? (1)

Kopiereg voorbehou

4.7 Verduidelik die doel van die volgende algemene kortpadsleutels.

4.7.1 CTRL + X

4.7.2 CTRL + V

(2 × 1) (2)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem VYF probleme wat met drukkers verband hou. (5)

5.2 Dui aan watter hardewareinstrument vir die isolering van hardewarefoute gebruik word. (1)

5.3 Waarvoor staan WYSIWYK? (1)

5.4 Wat is die kortpadsleutel vir die skep van 'n nuwe Word-dokument? (1)

5.5 Noem die verskille tussen sagte spasies en harde spasies wat in Word-dokumente gebruik word. (2)

5.6 Noem DRIE rigposisies in Word-dokumente. (3)

5.7 Noem VIER werkterreine waarin spreitabeltoepassings van nut is. (4)
[17]

VRAAG 6

6.1 Noem die verskil tussen 'n *webbladsy* en 'n *webtuiste*. (2)

6.2 Noem DRIE soekenjins. (3)

6.3 Wat is 'n *IDV*? (1)

6.4 Noem TWEE komponente van 'n URL. (2)

6.5 Skryf die volgende akronieme voluit:

6.5.1 WWW

6.5.2 POP

(2 × 1) (2)
[10]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou